

Hoofstuk van die dag: 3 Johannes

> *Liewe Gaius, moenie die verkeerde voorbeeld volg nie, volg die goeie. Wie goed doen, behoort aan God; wie verkeerd doen, het nie vir God gesien nie. (vers11)*

Ons kry in hierdie kort brief ’n baie insiggewende

teenstelling tussen Gaius en Diotrefes. Albei speel ’n leidende rol in die gemeente. Gaius se trou aan die waarheid (vers 3) is duidelik uit sy diensbaarheid en die manier hoe hy medegelowiges behandel. Diotrefes, daarenteen, is baasspelering en eiegeregtig.
Daar is ongelukkig te veel mense in die kerk wat eerder wil baas speel en hulleself wil laat geld, as om te dien. As dit die geval is, het jy Jesus uit die oog verloor.
Dis maklik om oor geloof te praat, maar uiteindelik lê die toets in hoe ons leef. Tree ons op soos dit pas by volgelinge van Jesus Christus? Die Here Jesus het self gesê dat nie woorde nie, maar die doen van die wil van die Vader jou toegang gee tot die koninkryk van die hemel (Matt 7:21-29; kyk ook na Titus 1:16 en Jak 2:14-26).
Dalk sal ’n klein vragie beantwoord waar ek en jy lê: As mense na jou kyk, sal hulle genoeg getuienis kan kry wat bewys dat jy ander help en Christus verheerlik?

Naskrif: Môre begin ons met die boek Sagaria.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026